

19 Julie

Skrifgedeelte: Haggai 2:1-23

Fokusgedeelte: Haggai 2:1-9

Die Here staan jou by om sy taak te voltooi

Skaars vier weke nadat die volk aan die tempel begin bou het is hulle terneergedruk. Die oeste het misluk en die tempel lê in puin. Die vorige glorie van die tempel sal nooit weer herstel kan word nie, veral nie in die oë van hulle wat nog die ou tempel kan onthou nie. Hoe sal hulle dit dan kan regkry?

Maar in hierdie tyd kom daar nuwe bemoediging van die Here vir hierdie mense: “Skep moed ... want Ek is by julle...” (vers 4). Deur sy groot mag sal die Here sorg dat die tempel weer vol word. Hy sal sy mag aan die nasies toon en hulle sal met hulle skatte kom om die tempel van die Here te vul. Die Here sal die tempel herstel, maar die volk moet die taak wat op hulle gelê is gelowig voltooi.

Ons deins dikwels terug vir take wat in die lewe op ons gelê word – soveel so dat ons nie kans sien om daarmee aan te gaan nie. Dit lyk dikwels of ons nie gaan slaag in dit wat ons moet doen nie. Maar die Here bemoedig ons ook in ons geloofstryd: “Skep moed ... want Ek is by julle...”

Christus is Immanuel, God met ons. God se Gees is daagliks en elke oomblik in ons lewens werksaam. Ons het die versekering van God se bystand in ons lewe. Voltooi dan die taak wat op jou gelê is soos 'n kind van die Here.

Sing: Psalm 116:1

Ds N Boy (Drieviersboom)